**Donderdag 24 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:121-128 (AFR2020)**
**Fokusverse: Psalm 119:123, 125**
**Here, verlos my, u dienskneg, van verdrukkers en gee my dieper insig in u Woord**

Die Psalmdigter noem homself die Here se dienskneg. As dienskneg worstel hy met verdrukking, dinge waarmee ons ook dikwels stoei. Hierdie is nie ’n klop op die eie skouer nie, maar dinge wat vir hom as dienskneg belangrik is. Hy noem die volgende: Ek doen wat billik (kom niemand te na) en reg is; ek haat bedrog; ek het u bevele lief, baie liewer as goud, as fyner, suiwer goud! Daarom volg ek al u opdragte oor alles.

Wat is die verdrukking waarmee die psalmdigter en ons stoei? Die verdrukker-mense is vermetel en mishandel openlik minder bevoorregte mense in die samelewing. Hulle pleeg bedrog en verryk hulleself. Die grootste ontsteltenis is egter nie die arrogansie en hoogmoed teenoor die mens nie, maar teenoor die Here. Die verdrukker wil die Here se voorskrifte kragteloos maak asof dit nie bestaan nie.

As dienskneg-kinders van die Here kan ons in tyd van verdrukking tot Hom smeek: O Here, “moet my nie aan my verdrukkers oorlaat nie”, en, “my oë smag na u verlossing, na u belofte van geregtigheid”. Sien jy dat dit hier eerste gaan oor ons verhouding met die Here. Self kan ons geen verlossing bewerk nie! Hoe meer ons met die Here in gebed praat, hoe meer sal ons ook vra vir insig oor hoe om op te tree. Vra vrymoedig: skenk aan my insig, dieper begrip sodat ek U en u hele Woord nog beter kan ken. Ja, handel met my volgens u troue liefde.

Waak teen kla. Bid en wag in geloof op die uitkoms wat God sal gee. Ons verdrukking word ligter as ons vashou aan die genade dat Christus reeds deur sy kruisdood en opstanding oorwin het en ons sondes wegneem. Ja, ons is nou reeds veilig en kan smeek: Kom, Here Jesus, kom tog gou!

*Sing: Psalm 119-1:45, 46; Psalm 116-1:9*
*Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)*